## 29 OKTOBER 2017 *500 jr Hervormingsfees!*

**09:00 Erediens**
**Prof Nelus Niemandt**

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00** Kleuterkerk!
*Ons oefen vir ons Kersafsluiting!*

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr kategese)
**Peet Crous**
*Hoe lank nog?* *Psalm 13*
*Senior kategese afsluiting.*

***Sterkte aan al die studente wat eksamen skryf!***

## 5 NOVEMBER 2017

**09:00 Erediens – Doop**
**Fay van Eeden**

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00** Kleuterkerk!
*Kersafsluiting. (Kom vroeg – ons trek eers aan in die kleuterkerk)*

**10:30 Lynnwood Oord-diens**
**Quintus Smit**

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr kategese)
**Jakkie Strachan**

---

**Ons vier ons jaarlikse DANKIEMAAND vanaf 15 Oktober tot 19 November met die tema "My beker loop oor".**
**Ons raak gedurende dié tyd bewus van die gawes wat die Here in al die seisoene van die jaar gee. Ons is baie dankbaar oor die bediening van die afgelope jaar in Lynnwood Gemeente, maar ons sien ook met baie verwagting en opgewondenheid uit na 2018 om in God gewortel 'n lewegewende gemeente te wees! Byvoorbaat baie dankie vir u aandeel aan die betekenisvolle verskil wat die gemeente maak.**

---

**Nuwe Generasie hou vandag 'n 'bosberaad' waartydens hulle beplanning vir 2018 gaan doen. Dit vind vanjaar by die gemeente plaas om soveel moontlik gemeentelede te betrek.**
**ALLE OUERS van jongmense (gr 7 - 12 in 2018) word hartlik uitgenooi na die GESPREK in die Kapel VANAF 10:00 - 11:00. U teenwoordigheid is belangrik en word waardeer.**
**Navrae: Fay 083 478 0854.**

---

*Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.*

# Die week se kalenderaktiwiteite

| | |
|---|---|
| **Maandag:** | **Aandmark-vergadering** 18:00 (Koinonia) – Fay van Eeden 083 478 0854.<br>**Kerkraadsvergadering** 19:00 (Koinonia). |
| **Dinsdag:** | **Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.<br>**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.<br>***Helplift*-vergadering** 18:30 (Kapel).<br>**Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. |
| **Woensdag:** | **Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212.<br>**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.<br>**"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. |
| **Donderdag:** | **Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord).<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.<br>**Erediens werkgroepvergadering** 18:00 (Kapel)<br>**Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. |
| **Vrydag:** | **Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.<br>**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. |

## Voorbidding:

*Johan en Nerina Deale en gesin*, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 082 454 2011 – Johan se ma oorlede.

## Lynnwood Kersfees-aandmark:

Ons hou op 25 November Lynnwood se eerste Kersfees-aandmark! Om die stalletjies te help met voorraad benodig ons asseblief die volgende:

- poeding (kontak asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019;
- vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079);
- fudge, klapperys, dadelbolletjies, ystervarkies (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- tuisgemaakte konfyt (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- mense wat vir bereid is om brode te bak (ciabata, volgraan, piesang, gemmer en wortelkoek) (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Skakel asseblief die betrokke persone of die kerkkantoor by 012 348 1245 indien u kan help. Byvoorbaat baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

## Kersfees@Ubuhle-kleuterskool:

Ons wil hierdie Kersfees graag die 83 kleuters van *Ubuhle*-kleuterskool met 'n Kersgeskenkpakkie bederf. Neem gerus 'n naamkaartjie wat aan die Kersboom in die portaal vasgeknip is indien u wil deelneem aan hierdie projek. Baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning! Navrae: Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

## Potjiekos 19 November:

Ons vier op 19 November ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete. Koste: R80 (volw) en R50 (laerskoolkind). Bespreek asseblief by die info-toonbank na die diens of skakel die kerkkantoor 012 348 1245. Stel u belang om 'n pot te maak? Kontak asseblief die kerkkantoor. Mense wat bereid is om te help met koring- en stampmielievoorbereiding en basaarpoeding kontak assebief vir Maretha 073 267 7019.

*Opregte dank en waardering aan almal wat bygedra, of deel gehad het, om die Lente-kuier-Franse-aand so 'n groot sukses te maak.*

# Kontak van die week: *Regverdiging deur die geloof alleen – 500 jaar Hervormingsfees*

As 'n mens aan een draadjie van 'n spinnekop se web raak, dan kom die hele web in beweging. So is dit dikwels ook met die teologie. As daar aan een deel van die teologie, aan ons geloofsverstaan, getorring word, kom die hele veld in beroering. Dit het ook tydens die 16 de eeuse kerkhervorming gebeur. Die Hervorming het tot gevolg gehad dat geloofsinhoude oor die lengte en breedte van die veld verandering ondergaan het. Die draadjie waarin gepluk is, wat die omvattende verandering meegebring het, was Martin Luther se verstaan van die regverdiging deur die geloof.

Woorde soos "bekering" en "geloof" vorm nog deel van ons kerklike taalgebruik. Die woord "regverdiging" is nie 'n prominente woord in ons woordeskat nie (hoewel dit 'n eg Bybelse woord is). Volgens Luther was die "regverdiging deur die geloof alleen" egter die hart van die Christelike verkondiging en die geloofsartikel waarby die kerk staan of val. Waaroor het dit vir Luther gegaan?

Luther was diep bewus daarvan dat God regverdig is en daarom eis Hy van ons om reg te leef. (Dit is reeds 'n sleutelboodskap in die Ou Testament.) Ons doen dit nie en ons beskik nie oor die geregtigheid wat God van ons verwag nie. Daarom is God nie tevrede met ons lewe nie en staan ons onder God se oordeel. Dit lei tot die groot vraag: Hoe raak ons vry van God se oordeel? Wat moet ons doen, sodat God vir ons kan glimlag? Die antwoord is: Ons moet geregverdig word!

Die Rooms Katolieke Kerk (RKK) van destyds het natuurlik ook van regverdiging geweet. Volgens die RKK was regverdiging 'n proses wat gepaard gegaan het met geloof, sondebelydenis, die gereelde gebruik van die sakramente, die doen van goeie werke, ens. Hulle het dit onder andere so verstaan dat God se genade 'n mens van binne verander en van jou 'n beter mens maak. As jy 'n beter mens geword het, moes jy en kon jy goeie, regverdige werke doen. En as jy goeie werke gedoen het, dan was jy in God se oë 'n regverdige mens. Regverdiging was dus 'n helingsproses waardeur God ons genees het, sodat ons in onsself regverdig kan wees. Hiervolgens moes ons God met ons goeie werke tevrede stel.

Die nuwe insig wat by Luther oor 'n tydperk gegroei het, is dat God nie net van ons geregtigheid eis nie, maar ook aan ons geregtigheid skenk. Die geregtigheid wat God aan ons skenk, is Christus se geregtigheid. Terwyl die RKK se verstaan van regverdiging met behulp van 'n beeld uit die mediese wêreld, die van genesing, verduidelik kan word, kan Luther se verstaan van regverdiging met behulp van 'n beeld uit die regswêreld, naamlik die hofsaal, voorgestel word. In hierdie hofsaak is ons die beskuldigdes. Jesus Christus verskyn egter namens ons in die hof. En daarom word ons vrygespreek. Daar vind volgens Luther 'n vrolike ruil plaas. Christus neem ons sonde en ongeregtigheid op Hom en in ruil daarvoor kry ons Christus se geregtigheid, sy geregtigheid word ons toegereken. Ons kom dus nie vry van God se oordeel omdat ons goeie mense is en goeie werke doen nie, maar op grond van Jesus Christus se werk.

Barbara Brown Taylor skryf in haar boek *Speaking of Sin* dat die moderne gelowige die kerklike taal van sonde en verlossing verleer het. Ons het dit vervang met ander tale, onder andere die taal van die sielkunde en terapie. Laasgenoemde beskryf menslike probleme in terme van siekte en genesing. Volgens Brown Taylor slaag hierdie ander tale egter nie daarin om die gebroke verhouding met God, mens en wêreld aan te spreek nie. "Abandoning the language of sin will not make sin go away. Human beings will continue to experience alienation, deformation, damnation, and death no matter what we call them. Abandoning the language will simply leave as speechless before them, and increase our denial of their presence in our lives. Ironically, it will also weaken the language of grace, since the full impact of forgiveness cannot be felt apart from the full impact of what has been forgiven" (Brown Taylor).

Groete
Eric Scholtz *(Namens die predikantespan)*

## EK BIED MY GAWE AAN:

**Naam** _____

**Selfoonnommer** _____ **Landlyn nommer** _____

**E-posadres** _____

**Kort beskrywing van Gawe**

_____

**Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)**

_____

_____ _____

**Handtekening** **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

# Gemeenskap

***Transvaliaskool vir leerders met Epilepsie en Leergestremdheid*** bied 'n ***Jak de Priester*** fondsinsameling-konsert aan op Saterdag 18 November om 09:30 by Lynnwood Gemeente. Kaartjies: Marietjie Landman 083 294 8246/012 800 1071.

***Gaygelowig:*** Almal word vriendelik uitgenooi na die boekbekendstelling van Gaygelowig (2) op 2 Nov om 18:30 vir 19:00 by Andrew Murray-gemeente, Whitestraat, Muckleneuck. RSVP asb. voor of op 26 Oktober vir Marietjie by 082 324 3726 of marietjie.vl.za@gmail.com. Immanuel van Tonder in gesprek met Marietjie van Loggerenberg en skrywers. (Boeke sal by die uitstalling teen 'n spesiale prys te koop wees.)

***E-Herwinningsdag 4 November 2017*** vanaf 09:00 tot 13:00 by Lynnwood Laerskool se hoofingang (Roderickswег). Herwinning van ou rekenaars, monitors, broodroosters, yskaste en ander appliances – insluitend batterye en ou fone.

***Motorwagdonasies:*** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

***Byderhand:*** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

**Dankoffers:** Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan